

Die Donderdag voor Jesus gekruisig is

Markus 14:11-52

Die Donderdagaand het Jesus saam met sy dissipels die pasga gevier en die Nagmaal ingestel. Daarna is Hy in die tuin van Getsemane in hegtenis geneem.

Vir vandag se oordenking gaan ons kyk na die inhegtenisneming, maar in die parallelle gedeelte van Matteus 26:36-46.

Wanneer Petrus na die swaard gryp sê Jesus vir hom dat elkeen wat na die swaard gryp, deur die swaard sal omkom. Daarmee word bedoel dat die koninkryk van die hemel nie met swaarde of geweld gebou word nie, maar met geloof en gehoorsaamheid.

Die koninkryk van die hemel is daarin soveel anders as die aardse koninkryke. Om hier op aarde vir jou 'n koninkryk te bou het jy die swaard nodig. Jy moet veg vir jou plek. Alleen die sterkstes, slimstes en mooistes oorwin.

Dit is ook dikwels hoe mense bevorder word. Hulle moet op ander trap, oneerlik wees of omkoop om bo uit te kom.

By Jesus sien ons iets anders. Sy vyand kom met stokke en swaarde na hom toe, maar dan noem Hy vir Judas, "Vriend"! Verder sien ons dat Hy die hoëpriester se slaaf, wie se oor afgekap word, net daar genees.

Jesus se koninkryk is so anders. Sy koninkryk word nie deur geweld nie, maar in liefde gebou. Hy het nie gekom om te veroordeel nie, maar om te red (vgl. Joh. 3:17).

Jesus bou sy koninkryk deur na die slagplek gelei te word soos 'n lam. Hy sterf en die oorwinning kom dan wanneer Hy uit die dood opstaan.

Hierdie gedeelte roep elke dissipel van Jesus op om so, vanuit die krag van Jesus se liefde, te leef. Ons het nie geweld nodig om te oorwin nie, want ons is reeds in Hom oorwinnaars. Ons het liefde nodig.

Ons het nodig om daardie liefde van Jesus in ons verlossing te proe. Die liefde van Christus moet ons so oorweldig dat ons lewens deur dieselfde liefde gekenmerk word. Ons is immers deel van Christus se koninkryk.

Hoe meer ons die heerlijkheid van Christus se liefde verstaan, hoe minder sal ons geïntimideerd voel deur al die stokke en swaarde in die lewe.

Ons moet besef dat stokke en swaarde nie hierdie liefde van Christus by ons kan roof nie. Jesus se verlossende liefde staan ewig in Hom vas. Daardie bevestiging gee ons krag om verby die geweld en seer en die virusse te kyk, sodat ons Jesus aan die kruis kan sien.

In die koninkryk van die hemel kry jy nie deel aan die oorwinning deur geweld nie, maar deur vas te hou aan hierdie liefde wat ons in Christus ontvang.

Ek sluit af met die woorde van **Psalms 37:3-5**:

3Vertrou liever op die Here

en doen wat goed is,

woon en werk rustig voort.

4Vind jou vreugde in die Here,

en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

5Laat jou lewe aan die Here oor

en vertrou op Hom; Hy sal sorg.